Teksgedeelte: Johannes 20:19-31

Teksvers: Johannes 20:29

Tema: Geseënd is jy wanneer jy met blinde geloof die opstanding van Christus omhels!

Richard Dawkins, een van voorstaanders van die Nuwe Ateïsme, het eens op `n tyd die volgende gesê: "*Faith is the great cop-out, the great excuse to evade the need to think and evaluate evidence. Faith is belief in spite of, even perhaps because of, the lack of evidence."* En "*I am against religion because it teaches us to be satisfied with not understanding the world."*

Gewoontlik is christene geskok as ons só iets hoor, maar dra ons nie dikwels hiertoe by nie? Gee ons nie dalk aanleiding vir manne, soos Dawkins, om hierdie uitlatings te maak nie? Dink maar net hoe maklik ons sal sê dat ons iets nie kan verstaan nie, ons moet dit maar net glo of ons sal sê: "Dit is `n saak van geloof. Ons kan dit nie verstaan of uit redeneer nie."

Ons sal sê dat ons blinde geloof moet hê of dat ons geloof soos `n kind moet hê, maar ons vergeet dat die vraag wat `n kind die meeste vra, die "Hoekom?" vraag is. Ons sal sê dat ons blinde geloof moet hê, maar ons weet nie wat blinde geloof werklik is nie en nog minder wat blinde geloof beteken as dit kom by die opstanding van Jesus Christus.

As ons deur die Johannes Evangelie gaan lees, hoor ons telkens dat mense glo, nadat hulle Jesus gesien het of Hom iets gesien doen het. `n Wonderlike voorbeeld hiervan is `n blinde man wat Jesus genees het. Nadat Jesus hom genees het, word hierdie man uit die sinagoge verband en wanneer Christus met hom praat, vra hy hom of hy in die Seun van die mens glo. Die blinde man vra dan vir Jesus: "Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?" Jesus antwoord hom en sê dat die geneesde man Hom, die Seun van die mens, sien. En dit is dan wat die geneesde man sê: "Ek glo, Here!"

Of wat van Maria Magdalena, wat glo Jesus het opgestaan, nadat Hy aan haar verskyn het. Só ook die dissipels het eers geglo nadat Jesus vir hulle die merke aan sy hande en sy gewys het.

Dit is egter na hierdie dinge, wat ons hierdie woorde van Jesus Christus hoor: *"Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."* Blinde geloof beteken wel dat ek nie fisies met my oë sien nie, maar dit beteken nie dat ek nie bewyse het vir dit wat ek glo nie! Die Evangelie volgens Johannes is juis vir ons gegee, sodat ons die wonderdade van Jesus Christus kan hoor en kan glo en sodat ons, deur te glo, die ewige lewe kan hê. Geloof vra dus nie onkunde nie, maar juis kennis en insig en wysheid.

Dit is juis om hierdie rede dat ons moet erns maak om God en Sy Woord te leer ken. Dit is juis daardeur wat ons geloof gevoed en gesterk word en waardeur ons die kennis kry om werklik te glo en God werklik lief te hê. Paulus het Timoteus só aangemoedig: *"Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus."*

Sien, werklike geloof vra dat ons Jesus Christus werklik ken. Dat ons nie maar net kennis van Hom of oor Hom het nie, maar dat ons Hom persoonlik ken. Wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat dit vir my beteken. Blinde geloof beteken dat ek ten spyte van die onkunde en ontkenning van hierdie wêreld in die onsienlike glo, omdat die onsienlike hoorbaar is in die Woord van die Here.

Juis om hierdie rede dat ons gelukkig of geseënd is as ons Hom nie sien nie en tog glo, want dit beteken dat ons Hom in sy Woord hoor. Dit beteken dat die opstanding van Jesus Christus vir ons `n realiteit is wat opgeteken staan en waarvan daar bewyse is dat Hy werklik opgestaan het, maar dat ons nie sigbare tekens nodig het om eers te glo nie. Om bewyse dan te sien, is `n bonus, `n ekstra, want my geloof in die opstanding van Jesus Christus hang nie daarvan af nie.

Dit is juis dan wat ek gelukkig of geseënd is, omdat die onsigbare geskenke van God deur Jesus Christus my eie word. Dit is dan wanneer die tekens van die doop en die Nagmaal `n groot bonus is van dit wat ek weet reeds bestaan en wat God reeds opgerig het. Ons gaan later vir Dawid Schalk doop, maar die doop is slegs `n teken van die verbondsverhouding wat God klaar reeds met hom opgerig het, omdat klein Dawid se ouers glo. Sien, die verbond hang nie daarvan af of `n kind gedoop is of nie. Die doop is slegs `n teken van dit wat God in sy Wil reeds opgerig het, waarvan ons in die Skrif hoor en wat ons in die geloof omhels en ons eie maak.

Besef daarom vandag, op Opstandingsondag, dat jou blinde geloof in die opstanding van Jesus Christus beteken dat jy geseënd is. Dink oor die massiewe genade wat ons daarin vind dat ons lewendig gemaak is, dat die Heilige Gees ons bystaan en al die ander seëninge wat ons ontvang omdat ons deur die geloof die opstanding van Jesus Christus omhels.

Besef dat blinde geloof van jou vra, dat jy werklik kennis van God sal hê, dat jy Jesus Christus moet ken en dat jy erns daarmee moet maak om sy Woord te lees, want dit kan vir jou die kennis bybring wat tot verlossinglei.

Vier vandag fees, want ons Here het opgestaan en deur die regte vorm blinde geloof kan jy daarin deel. Vier vandag fees as jy deur blinde geloof Jesus Christus en sy opstanding omhels, want dan is jy werklik geseënd!

Amen